

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 72**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## *Onthou u dit nog?*

En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.

En meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig.

En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees,

dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.

En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê.

En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskaare wat God prys en sê:

Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehag!

Lukas 2:8-14

# KLEIN EWIGHEID

Dit het vroeër die middag gereën. 'n Paar weerligstrale het die spanning wat daelank oor die Goudstad gebroei het, met 'n luide gedawer laat ontlaai. 'n Bietjie fyn hael het die Desemberlug koel en skoon gemaak.

Deur die venster het ek die nommers van die bushaltes sorgvuldig dopgehou. Langs die straat het kinders gespeel — hulle klere helder in die sonlig. In die glans van die laat middag was die veraf myn hope — wit en grys en koperbruin.

Die kondukteur het my vriendelik op die skouer getik — die teken dat ek moes afklim. Van die bushalte af was dit nog 'n paar strate verder. Die tyding wat ek moes bring, het loodswaar in my gemoed geweeg. Dit sou die eerste keer wees. Hoe moet 'n mens woorde vind om die bitterste van alle dinge aan 'n medemens te sê?

Dit was anders as 'n week gelede. Toe het ds. Venter, onder wie se leiding ek praktiese ondervinding in predikantswerk kry, my hospitaal toe gestuur om 'n paar siek lidmate van sy gemeente te gaan besoek. Daar was 'n vrou tjie met kanker. Sy was nog net 'n skelet met 'n vel om. Haar hele verskynsel was een kreet na die hemel om genade. Ek het vir haar geles en gebid en iets oor dood en ewigheid gesuggereer, maar sy het haar oë smekend opgeslaan en gesê: "Meneer, ek wil so graag nog lewe". Dan was daar meneer Van Staden uit Potgietersrus. Hy het breinvliesontsteking gehad. Hy was in 'n soort delirium.

Sy vrou het sy lippe voortdurend met 'n stukkie watte natgemaak. Daarna was ek by 'n ou oom wat besig was om 'n bloedoortapping te kry. Ek het gestaan en kyk hoe die uit die bottel vloei en was nog besig om uit te werk hoe lank dit bloed neem om van die bottel af tot in die pasiënt se hart te vloei, toe die reuk van eter en ontsmettingsmiddels meteens vir my te veel geword het. Die kamer het om my begin draai..

Ds. Venter het intussen met vakansie vertrek. Vanmiddag moet ek, 'n jong Teologiese student, wat baie van boeke, maar omtrent niks van die lewe weet nie, aan mevrou Van Staden gaan sê dat haar man 'n uur gelede dood is.

Toe ek die hekkie instap, het 'n witkopseuntjie my met groot, onskuldige oë aangestaar. "Mevrou Van Staden hier?" het ek aan die jongman, wat die deur oopgemaak het, gevra.

In die sitkamer het 'n halfverwelkte ruiker gestaan — swaardlelies en ligroos angeliere. 'n Klein kaartjie het aan een van die swaardlelies gehang.

Mevrou Van Staden het die vertrek binnegekom. Ons het bedeesd gegroet. Ek het meteens besef dat sy reeds weet. Ja, sy was ook vanmiddag by die hospitaal. Seker nét na my. Na my simpatiebetuiging was die stilte soos 'n muur om ons.

Êrens in die huis was 'n radio aangeskakel. Die musiek het van ver af die halfskemer voorhuis binnegesypel. 'n Orkes en 'n koor... Jesus... vreug van ons verlanke. Dit was Kersfees.

Toe die musiek stil word, het die vrou teenoor my eindelijk gepraat — haar stem en gelaat baie kalm. Haar oë was twee donker kuile vol smart. "Eer aan God in die hoogste hemele. Vrede op aarde. In die mense 'n welbehag." Toe ek die aand terugry, het dit gevoel of ek

terugkom na 'n lang reis na 'n ver land. Die woorde van die stil-bedroefde vrou het soos 'n veraf klokgelui in my weerklink.

Dis nou al byna vyf en twintig jaar gelede dat ek hierdie belewenis gehad het. Ek het mevrou Van Staden nooit weer gesien nie, maar nog byna elke Kersfees beleef ek weer die klein ewigheid van dáárdie Kersmiddag met die ver-af Jesus-vreug van ons verlange in die skemer voorhuis.

Hoeveel maal het ek dit in die jare daarna beleef hoe naby droefheid en ons vreugde lê. As ek my oë sluit, kan ek dofweg 'n vrouegesig sien en 'n kalm vrouestem hoor sê: "Eer aan God in die hoogste hemele..."

**P. W. BUYS**

**Hier staan wij voor een heilige God van hemel en aarde, om een gelofte aan Hem te beloven, als Hij met Zijne bescherming met ons zal wezen, en onze vijand in onze hand zal geven, dat wij die dag en datum elk jaar als een Dankdag, zooals een Sabbat, zullen doorbrengen, en dat wij een tempel tot Zijn eer zullen stichten, waar het Hem zou behagen; en dat wij het ook aan onze kinderen zullen zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. Want de Eer van Zijn Naam zal daardoor verheerlijkt worden dat Hem de roem en de eer van de overwinning zal worden gegeven.**

## **Ek gaan NIE fees toe nie**

Geloftefees — toesprake — preke — vroom praatjies — droë stukke geskiedenis! Ek is moeg om te hoor watter goeie mense die Voortrekkers was. Nee dankie, nie vir my nie. Ek hou my eie fees en geniet die dag by die swembad, of ons ry uit en gaan maak piekniek in die veld met 'n paar biere en lekker musiek, of ek gaan speel tennis of golf. My lewe is besig genoeg. Laat die ou mense en die dominees en die volksmoedertjies en politieke redenaars maar geloftefees hou. Ek dink nie hulle is beter Afrikaners as ek nie. Dis net dat ek beter dinge het om te doen in my vrye tyd. Buitendien; dis mos nie ek wat 'n belofte afgelê het by Bloedrivier nie! Waarom moet ek dan...

Toemaar vriend, ek verstaan. Tog moet ek jou op 'n paar dinge wys.

### **Nie net 'n Noodhulp nie!**

As ek jou reg verstaan, beskou jy jousef glad nie gebonde aan die gelofte wat Charl Cilliers en die Voortrekkers aan God gedoen het namens die Afrikanervolk nie. Jy maak jousef los van die voorgeslag en die gelofte waardeur hulle hulself en hul nageslag aan God gebind het. Jy maak jou los van die volk en beskou jou dan nog as deel van die volk... as 'n Afrikaner. Hoe rym dit? Jy wil nie deel hê aan die gelofte van die volk nie, maar kan jy dan verwag om te deel in God se seën oor die geloftevolk?

Laat ons maar reguit praat. 'n Mens of 'n volk wat aan God 'n gelofte gedoen het toe hy in die nood was, maar dit vergeet as die nood verby is, speel met vuur. Vir 'n geloftebreker het God nie tyd nie. Wie God net ken in nood, roep die oordeel in oor homself.

God is 'n hulp in nood, maar Hy weier om net 'n noodhulp te wees!

### **Soos Jakob**

Jou houding laat my dink aan Jakob van ouds. Toe hy in die hoogste nood moes vlug vir die wraak van sy broer Esau, het hy 'n gelofte aan God gedoen: as God met hom sal wees en hom uitred, sal hy hier by Bet-el 'n heiligdom vir God bou en van al sy besittings 'n tiende aan God afstaan (Gen. 28:20-22). God het woord gehou... maar nie Jakob nie! Toe sy nood verby was en hy flink opgeboer het, toe trek hy weg na Sigem en gaan koop 'n stuk grond tussen die heidene (Gen. 33:19). Nou weet hy niks meer van sy Betel-gelofte nie! Ontrou... soos 'n Afrikaner wat weier om hom te steur aan die Bloedrivier-gelofte.

God vergeet nie! Die trouelose geloftebreker word op God se tyd tot sy sinne geruk. Die haat van die Kanaäniete ontvlam teen Jakob. Hy en sy familie moet vlug vir die wraak van die verwoede inwoners. God stuur skande, verlies, angs en vernedering om hom aan sy Bet-el geloftes te herinner (Gen. 34 en 35). Jy kan nie met die gelofte van God speel en hoop om gespaar te bly nie!

### **Jou plek is dáár!**

Die volk wat ontrou geword het in die nakoming van sy geloftes aan God, moet vrees vir die toorn van die Almagtige. Die Afrikaner wat die Gelofte minag, minag God se reddingstrou oor ons volk. Hy misken die hand van God... hy roep God se toorn in oor die volk — soos

die ontroues in Israel wat die oorsaak was dat die volk in ballingskap weggevoer is. Die geloftebreker pleeg verraad en soek die ondergang van die volk. 'n Afrikaner wat dit doen, is geen Afrikaner meer nie, maar 'n vyand van die volk.

Die Bloedrivier-gelofte hou in dat ons die dag aan God sal wy as 'n dankdag, 'n Sabbatdag. Laat ons hierin getrou wees — ons plek is dáár, by die fees! Vir ons of ons nageslag kan weer 'n dag van nood aanbreek — miskien erger as Bloedrivier.

Die volk wat nou ontrou aan God is, sal dán tevergeefs tot Hom roep!

**W. J. Maritz**

### **NOG HIERDIE JAAR...**

**En Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: 'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie.**

**Toe sê hy vir die tuinier: Kyk, drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar? Maar hy antwoord en sê vir hom: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom anderjaar uitkap. — (Luk. 13:6-9).**

# Met 'n lied in my hart

Ja nee, vakansietyd is 'n heerlike tyd!

Daar is wel ook die onaangename. Hulle sê mos die blinkste ster het ook 'n skadukant. So is daar die drankmisbruik met al die ellende wat daar rondom koek. Daar is die dreigende padongelukke wat vanjaar weer baie families in rou gaan dompel. Daar is die skeefgetrekte begroting wat selfs maande na die vakansie nog aan nagevolge ly. Die skaduwees sal ons altyd kan uitwys.

Maar u is heel waarskynlik ook een van daardie werksmense vir wie die laaste werksdag soos 'n eeu verby kruip... wat uitsien na die opgewondenheid as 'n mens die lang pad vat. Dit is omtrent die enigste tyd wat ons familie sommer net saam sing omdat daar 'n lied in ons harte is.

Die geklop van die treinwiele en die veraf fluit is soos die uitroeptekens agter ons vreugde. 'n Mens raak sommer sorgeloos kinderagtig en verspot. Vakansie-hou in ons pragtige, mooi land is vir die meeste van ons 'n heerlike hoogtepunt — 'n paar weke van genotvolle, heerlike vryheid.

Vakansie — maar het u al gedink watter groot voorreg dit is om vakansie te hou. Hier naby ons het 'n Griekse Ciprioot 'n kafee. Alla wêreld — hy het nie eers een vry dag nie — wat wou nog 'n vakansie! Hy kan nie sy besigheid net so laat staan of selfs in ander se hande plaas nie. Ek ken melkboere wat dag in en dag uit met hul taak moet voortgaan. So is daar reg rondom ons mense wat nie die voorreg het om vakansie te hou nie. Daar is in die wêreld miljoene wat nie eers weet wat vakansiehou beteken nie.

Dit is net werk — slaafse roetine — nooit kry hulle 'n blik buite hul eng lewenskringetjie nie. Het u al gedink waar kom dit vandaan? Dit is tog iets wat heeltemal buite ons beheer lê. U kon net sowel 'n Chinees gewees het wat nooit vakansie hou nie. Sommige mense sê dis "Geluk" wat dit so wou hê. Ander praat van "Omstandighede", of "'n Hoër Mag". Nog ander sal naïef glo dat dit die "Stand van die sterre" is. Alles is so fopspeenagtig en vaag!

## **Vakansie: genade alleen!**

Ek weet dat dit die genadige beskikking van God is — genade alleen. Christus het eenkeer met tien melaatse manne te doen gekry. Melaatsheid was 'n vreeslike, dodelike siekte. Hy het aan hulle opdrag gegee om hulle aan die priesters te gaan vertoon. Dit was die taak van die priesters om hulle as gesond te sertifiseer. Op pad het een van hulle oorbluf vasgesteek.

Was hy gesond? Hy kon dit tog sien en voel! Hy het daar omgedraai en op sy knieë Christus gedank vir die ongelooflike gunsbewys. Die ander nege is holderstebolder opgeslurp in die normale, gesonde lewe.

Waar is die ander nege?" het Christus die dankbare Samaritaan gevra. Arme, ondankbare drommels! Hulle vra nie vrae nie. Hulle vat maar net onnadenkend alles wat na hulle kant toe kom.

## **Vakansie: Dankbaarheid**

Die werklike kern van ons vakansie is dankbaarheid. Ons het die heerlike tyd ontvang. Van wie? 'n Blinde mag, of God? God, natuurlik! Hoe baie van ons bêre God eintlik tuis. Gaan ons nie baie keer op reis sonder om selfs 'n Bybel saam te neem nie? Is ons saans nie so heerlik uitgeput dat ons sommer oormoeg aan die slaap raak sonder 'n stille dankstonde aan sy voete nie? Ons het nie eers kerklere ingepak nie — daar was nie plek voor nie.

Verloor die heerlike vakansietyd nie sy kern, sy werklike diepere betekenis as ons dit nie sien as 'n gawe van God nie? Om so ondankbaar, onnadenkend te lewe... Vakansietyd is so 'n ideale tyd om nader aan God te kom — geen vergaderings, geen oorvol program, geen dwingende verpligtings nie. Dit is alles net ons tyd! Ons kan dit gebruik soos ons wil.

Dit is goed as daar 'n lied in ons hart is. Dit is 'n heerlike voorreg om vakansie te hou, maar laat ons nie vergeet nie — ons moet dankbaar wees en wat beteken dankbaarheid as dit nie tasbaar gewys word nie?

**A. P. C. Duvenage**



# Oujaar na Nuwejaar

Vanaf die oujaar na die nuwejaar is soos die omblaai van 'n bladsy. Die oue is volgeskryf en die nuwe is nog skoon.

Die oujaar is 'n afsluiting en die nuwejaar bied ruimte vir nuwe voornemens. Wil u nog met u ou lewe die nuwejaar binnegaan? Verkies u nog u ou, verroeste lewe van die oujaar vir die nuwejaar? Wil u maar daarin oproes?

## U lewe is soos 'n Boek

Het u al só daaraan gedink? U weet dat 'n goeie boek goud werd is, nie waar nie? Daarvoor betaal 'n mens baie... en jy is ook bereid om baie daarvoor te betaal. Die eenaar is ook jammer en lief vir so 'n boek. Hy versorg dit goed en laat dit nie sommer rondlê nie.

'n Waardevolle boek het gewoonlik ook 'n duursame omslag. Dit is al deel van die advertensie van wat die waarde van die boek is.

- 'n Boek het bladsye soveel as wat die verhaal lank is en elke bladsy het sy paragrawe, reëls en woorde. Dit is saamgestel volgens die aanvoeling van die skrywer.
- 'n Boek het 'n naam. Daaruit kan jy al aflei wat in die verhaal te wagte is. Wil u nou saam met my van u lewe 'n voorstelling maak soos van 'n boek op die boekrak van die lewe?
- Die omslag: dit is u openbare lewe... en is dit 'n goeie advertensie?
- Die skrywer: dit is uself!
- Die held: dit is óók uself!
- Die inhoud: dit is u lewe!

Beskou die oujaar as 'n bladsy van u lewensboek. Elke dag is 'n reël en elke daad is 'n woord. Uself is ook besig om hierdie bladsy om te blaai. Voordat u dit doen, dink net daaraan dat die oujaar was 'n deel van u lewe wat God aan u gegee het!

## Wat het u geskryf ?

Uself is natuurlik die skrywer van die oujaar van u lewe. Niemand anders kan die pen van u lewe beter as uself hanteer nie. Geen pen en inkt in die hand van iemand anders kan u lewe só getrou beskryf, as wat u dit self in die inkt van u dade, woorde en gedagtes vasgelê het nie. U is dus 'n uitmuntende skrywer. Wat meer is: God hou u verantwoordelik vir alles wat u geskryf het.

Wat het u alles geskryf? Voordat die bladsy van verlede jaar omgeblaai word, moet u dit eers weer aandagtig deurlees. Miskien dink u dit is nie nodig nie. Die gras het al lankal daarvoor gegroei en buitendien sal geen haan ooit weer daarna kraai nie. En tog... sal dit net tot voordeel wees vir hierdie jaar om die bladsy van laas jaar van u lewe weer nadenkend deur te lees.

Miskien is dit van begin tot end ongewenste leesstof... soos verbode leesstof. Miskien maak dit u nou beangs om te lees wat uself op die bladsy van verlede jaar in die boek van u lewe geskryf het.

- wat lees u in die reëls en woorde ten opsigte van u jongmenslewe? Is dit miskien

- deurtrek van dwelmmiddels, vuil taal, sedelose daade en slegte geselskappe?
- wat lees u ten opsigte van u persoonlike lewe, u huwelikslewe, u huisgesinslewe, u kerklike en geestelike lewe? Dwaal u hierin miskien véer van God af? Is u diep ongelukkig hieroor?

Vergeet één ding nie. Usself is die skrywer daarvan. Dit staan in die handskrif van u eie daade, woorde en gedagtes, maar vergeet ook nie 'n ander ding nie. Usself sal dit ook nie uitgewis kry nie. Usself sal hierdie bladsy nie uitgeskeur kry nie. Usself sal dit nie só dig gehou kan kry dat dit nooit geopen sal word nie. Dit sal wel eendag geopen word. Lees Openbaring 20:12.

### **Die Boodskap van die wisseling van die jaar**

Onthou die volgende boodskap: DIE LEWE KAN ALTYD WEER OPNUUT BEGIN.

U is nie te oud, te sleg, te kerkloos, te diep geval, dat u nie gehelp kan word nie. Die vraag is: wat verkies u vir hierdie jaar? Kies u die ou lewe van laas jaar vir hierdie jaar? Dit sou baie beslis nie verstandig wees nie.

Die nuwe jaar is soos die omblaai van 'n bladsy in u lewe. Gaan u nie hiermee ook 'n nuwe blaadjie omblaai nie? Die begin van 'n nuwe jaar kan vir u nou dalk soveel as die begin van 'n nuwe lewe beteken.

Neem van nou af direk u toevlug tot 'n ander Boek — u Bybel. Die Boek bring u direk by die Skrywer daarvan. Dit is by die lewende God en... Hy vergeef menige keer. Hy het óók vir ú die grootste gawe gegee, sodat ook ú u lewe weer nuut kan begin. Dit is onse Here Jesus Christus.

Ken Hóm in al jou weë, en Hy sal jou paaie in hierdie jaar reguit maak. Soek Hom — soek sy Kerk. Leef voortaan mét Hom in sy Kerk. Dan wil Hy u deur die geloof verseker dat ook ú naam in die Boek van die lewe staan.

Verlede jaar... u weet wat daarin geskrywe staan.

Hierdie jaar... wát gaan u daarin skrywe?

**Ds. P. du Plessis**

# DIE R V A I S E L

## OPGELOS

*Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels — die Here alleen het hom gelei. (Deut. 32:11, 12b).*

Daar is een waarheid wat ons in die Bybel geleer word, maar wat die satan telkens weer aan ons wil ontnem en dit is dat God regeer. As ons dit nie meer glo nie, dan versink ons in die diepste vertwyfeling — dan blyk dit dat ons lewe oorgegee is aan die spel van willekeurige magte. Ook in die krankbed of invaldestoel kan dit soms so donker word en sien ons nie meer die Hand van die Here agter ons lot nie.

Dan word ons lyding so raaiselagtig en die waaroms kom in ons hart op. Wat is die doel daarvan dat die Here my lei op hierdie lang en sombere weg van lyding? Dit is ook die vrae wat die volk van Israel en veral Moses in die hart gedra het. Moses staan hier aan die einde van sy lewe en ook aan die einde van die woestynreis. Hoe onverklaarbaar was dié weg nie?

In ons teks word hierdie raaiselagtige leiding van God nader verklaar. Moses vergelyk die leiding van God met die handelswyse van 'n moeder-arend. Bo-op die hoë krans van 'n berg wat hoog in die lug boor, het Moses die nes van 'n arend met kleintjies gesien, maar Moses is getref deur iets vreemds in haar handelswyse. Die vreemde is dat die moeder-arend haar nes versteur. Op 'n sekere oomblik staan sy op en keer die nes onderstebo. Sy jaag die kleintjies uit die nes en bring onrus in hul lewe.

Nnou sê Moses: so doen God ook in ons lewe. Hy neem ook die rus daaruit weg. Die woestyngeskiedenis van Israel is 'n geskiedenis van goddelike verstoring en is dit nie soos die geskiedenis van die kerk daar uitsien nie en in u lewe? God verstoor ook die nes van ons valse gerustheid deur die ang en die lyde.

Die moeder-arend doen meer. Sy sweef ook oor haar kleintjies. Sy stoot hulle wel met haar harde vlerke na die kant van die krans, maar dan styg sy bokant hulle uit en met haar skerpe arendsoog hou sy hulle in hul hulpeloosheid fyn dop.

Moses sê: so doen God ook. Hy verstoor ons lewe wel, maar tog laat Hy ons nooit alleen nie:

*"Uit sy vaste woning  
waar Hy heers as Koning,  
sien Hy, Skepper-Heer,  
uit oneindig hoë  
blou-deurglansde boë  
Op sy skepsel neer."*

Die arend doen nog meer. Sy verstoor die nes nog verder. Een stoot met die harde penne van haar vlerke, een klap teen die tere voëltjie en daar val hy in die dieptes in. Met sy eie vlerkies

fladder hy tevergeefs in die lug. Hy val steeds dieper en dieper, maar as dit lyk of hy hom te pletter sal val, skiet die moeder-arend bliksemsnel onder hom in en met haar magtige vleuels onderskep sy hom en voer hom terug na die hoogtes op die krans. Dit lyk wel wreed en onbarmhartig van die moeder om so te handel, maar sodoende leer sy die kleintjie vlieg.

Nou sê Moses: so doen God ook. Hy verstoor ons lewe. Hy bring onrus in ons hart en rou in ons huise. Hy laat ons insink in die dieptes van eensaamheid, donker, onsekere dieptes en in dié dieptes wil ons mense nog op ons eie vlerke steun, maar in die dieptes leer ons juis dat ons eie krag te kort skiet. Die diepte van die lyde waarin u verkeer, moet u ook daaraan laat dink dat daar nog 'n diepte is — donker en onpeilbaar — die diepte van die dood en van die oordeelsdag. Sal u dit daar in eie krag wil aandurf?

Aanskou dan die kruis op Golgota. Daar versink God se eniggebore Seun in die onuitspreeklike diepte van Godsverlatenheid. Die uitgebreide deurboorde hande van Christus word vir elkeen wat in Hom glo die kragtige vleuels van goddelike erbarming wat ons dra deur die lyde en ons dra deur die dood.

Verkeer u in die diepte van angsvolle lyde? Rus dan op die kragtige vleuels van God se genade in Christus. Steun nie op u eie krag nie. Hy wil u lei deur die lyde na die heerlikheid. Hy wil u voer uit die dieptes na die hoogtes van aanskouing... na die veilige rots van ewige heerlikheid.

Dra dan u kruis met lydsaamheid. God laat alle dinge meewerk ten goede vir hulle wat Hom liefhet — ook u beproewing dien u saligheid.

## **B. Duvenage**